



BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER

Ons glo in die Goddelike Komplot, want ons glo God voer iets in die mou en ons is deel daarvan. Ons glo die Koninkryk van God is waar dit gebeur wat God wil sien gebeur. Ons glo gebed is om met God te praat oor dit wat ons sáám met Hom doen. Ons glo God roep ons om **SAAM** te **LEEF** en **HEEL** te **WORD**.

PREEKREEKS: DIE GODDELIKE KOMPLOT

- REEKS I** : *Ons kies om as geroepe mense in plaas van gedrewe mense in ons gemeenskap te leef (1 Pet 2:4-9)*
- REEKS II** : *Ons kies om 'n publieke kerk te wees waar alles waaraan ons raak in hoop verander (Ef 5:1-8)*
- REEKS III** : *Ons kies om minder kompartemente in ons lewens in te bou en meer geïntegreerd en met meer integriteit te leef (Matt 23:1-11, 23-28)*
- REEKS IV** : *Ons kies om doelbewus ruimtes van verskeidenheid te skep, sodat ons nie net saam kan wees nie, maar saam kan lééf (Ex 35:20-35)*
- REEKS V** : *Ons kies om voor mekaar broos te wees – om ons twyfel en onsekerheid, ons angs en ons onvermoëns nie weg te steek nie, maar juis voor mekaar neer te sit sodat ons mekaar kan aanvul en kan heelmaak (Mark 3:1-6)*
- REEKS VI** : *Ons kies om ons gebreekte prentjie van ons liggaamlikheid voor God neer te sit, sodat Hy ons weer kan leer wat dit beteken dat liggame tempels van die Heilige Gees is (1 Kor 6:19-20)*
- REEKS VII** : *Ons kies om ons gebreekte verhoudings voor God neer te sit, sodat Hy ons weer kan leer wat 'mekaar' beteken (1 Kor 13)*
- REEKS VIII** : *Ons kies om ons gebreekte gemeenskap voor God neer te sit, sodat Hy weer vir ons kan leer hoe die 'stad van God' daar kan uit sien (Openb 21:9-17)*

LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES



MEDITEER



BID



ONTVANG
& LEEF

Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe "lees". Die Bybel (God!) raak die "subjek" van die aktiwiteit en ons lewe die "objek".

Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daaroor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloop.

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen*. "Ontvang" dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: "*Laat dit met my wees volgens u Woord*". Bid is hier ontvang en dankie sê.

EIE BYBELLEES

<i>Week</i>	<i>Seisoen</i>	<i>Teks</i>	<i>Erediens</i>
16 - 22 Julie	<i>Koninkrykstyd</i>	1 Pet 2:4-9	22 Julie
23 - 29 Julie	<i>Koninkrykstyd</i>	Ef 5:1-8	29 Julie
30 Julie - 5 Aug	<i>Koninkrykstyd</i>	Matt 23:1-11,23-28	5 Aug
6 - 12 Aug	<i>Koninkrykstyd</i>	Ex 35:20-35	12 Aug
13 - 19 Aug	<i>Koninkrykstyd</i>	Mark 3:1-6	19 Aug
20 - 26 Aug	<i>Koninkrykstyd</i>	1 Kor 6:19-20	26 Aug
27 Aug - 2 Sept	<i>Koninkrykstyd</i>	1 Kor 13	2 Sept
3 - 9 Sept	<i>Koninkrykstyd</i>	Openb 21:9-17	9 Sept



BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER

Ons glo in die Goddelike Komplot, want ons glo God voer iets in die mou en ons is deel daarvan. Ons glo die Koninkryk van God is waar dit gebeur wat God wil sien gebeur. Ons glo gebed is om met God te praat oor dit wat ons sáám met Hom doen. Ons glo God roep ons om **SAAM** te **LEEF** en **HEEL** te **WORD**.

PREEKREEKS: DIE GODDELIKE KOMPLOT

- REEKS I** : *Ons kies om as geroepe mense in plaas van gedrewe mense in ons gemeenskap te leef (1 Pet 2:4-9)*
- REEKS II** : *Ons kies om 'n publieke kerk te wees waar alles waaraan ons raak in hoop verander (Ef 5:1-8)*
- REEKS III** : *Ons kies om minder kompartemente in ons lewens in te bou en meer geïntegreerd en met meer integriteit te leef (Matt 23:1-11, 23-28)*
- REEKS IV** : *Ons kies om doelbewus ruimtes van verskeidenheid te skep, sodat ons nie net saam kan wees nie, maar saam kan lééf (Ex 35:20-35)*
- REEKS V** : *Ons kies om voor mekaar broos te wees – om ons twyfel en onsekerheid, ons angs en ons onvermoëns nie weg te steek nie, maar juis voor mekaar neer te sit sodat ons mekaar kan aanvul en kan heelmaak (Mark 3:1-6)*
- REEKS VI** : *Ons kies om ons gebreekte prentjie van ons liggaamlikheid voor God neer te sit, sodat Hy ons weer kan leer wat dit beteken dat liggame tempels van die Heilige Gees is (1 Kor 6:19-20)*
- REEKS VII** : *Ons kies om ons gebreekte verhoudings voor God neer te sit, sodat Hy ons weer kan leer wat 'mekaar' beteken (1 Kor 13)*
- REEKS VIII** : *Ons kies om ons gebreekte gemeenskap voor God neer te sit, sodat Hy weer vir ons kan leer hoe die 'stad van God' daar kan uit sien (Openb 21:9-17)*

LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES



MEDITEER



BID



ONTVANG
& LEEF

Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe "lees". Die Bybel (God!) raak die "subjek" van die aktiwiteit en ons lewe die "objek".

Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daaroor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloop.

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen*. "Ontvang" dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: "*Laat dit met my wees volgens u Woord*". Bid is hier ontvang en dankie sê.

EIE BYBELLEES

<i>Week</i>	<i>Seisoen</i>	<i>Teks</i>	<i>Erediens</i>
16 - 22 Julie	<i>Koninkrykstyd</i>	1 Pet 2:4-9	22 Julie
23 - 29 Julie	<i>Koninkrykstyd</i>	Ef 5:1-8	29 Julie
30 Julie - 5 Aug	<i>Koninkrykstyd</i>	Matt 23:1-11,23-28	5 Aug
6 - 12 Aug	<i>Koninkrykstyd</i>	Ex 35:20-35	12 Aug
13 - 19 Aug	<i>Koninkrykstyd</i>	Mark 3:1-6	19 Aug
20 - 26 Aug	<i>Koninkrykstyd</i>	1 Kor 6:19-20	26 Aug
27 Aug - 2 Sept	<i>Koninkrykstyd</i>	1 Kor 13	2 Sept
3 - 9 Sept	<i>Koninkrykstyd</i>	Openb 21:9-17	9 Sept

